

Skriflesing: Efesiërs 5:21 – 33

Teks: **Efesiërs 5: 21, 32 - 33**

Sing: VOORAF SANG: Ps. 18: 1, 14

TYDENS EREDIENS: Ps. 68:3; Ps. 19:5,6; Ps. 118:10; Ps. 128: 1,2,4

Efesiërs 5:22 – 33

Eph 5:21 **Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.**

Eph 5:22 Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.

Eph 5:23 Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.

Eph 5:24 Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

Eph 5:25 Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

Eph 5:26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,

Eph 5:27 sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

Eph 5:28 Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,

Eph 5:29 want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Intendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen

Eph 5:30 omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

Eph 5:31 Daar staan in die Skrif: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees."

Eph 5:32 **Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.**

Eph 5:33 **Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon.**

Skriflesing: Efesiërs 5:21 – 33

Teks: **Efesiërs 5: 21, 32 - 33**

Sing: VOORAF SANG: Ps. 18:1, 14

TYDENS EREDIENS: Ps. 68:3; Ps. 19:5,6; Ps. 118:10; Ps. 128: 1,2,4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons groot gedagte dat die Heilige Gees ons lewens al voller moet maak. Ons moet nie die Heilige Gees bedroef nie (Ef. 4:30), maar ons moet met die Heilige Gees vervul word (Ef. 5:18). Vervulling met die Gees is gekontrasteer met drankmisbruik. Soos iemand wat dronk is onder die invloed van alkohol verkeer, verkeer 'n gelowige mens onder invloed en beheer van die Heilige Gees. Dit gaan egter nog 'n stap verder. Efesiërs 1 vers 13 het al aan ons die belofte gegee dat ons verseël kan word met die Heilige Gees. God het ons met sy Heilige Gees verseël toe Hy ons nuut gemaak het. As verseëlde van God kan ons nou voortdurend met die Gees van God vervul word. Dit is 'n proses wat aanhou en aanhou wat in alle geval daarop dui dat die Heilige Gees jou lewe beheer. In besonder vandag op ons huwelike van toepassing gemaak. Huwelike wat ook voor God verseël moet wees.

Waar ons vandag die laaste dele van hoofstuk 5 gelees het, gaan dit oor gelowige mense wat in alle opsigte hulle lewens voor God nuut wil lewe. Ook in ons huwelikslewe moet ons nuut wil lewe. Hfst. 4: 23 is steeds soos 'n refrein wat in alle verhoudinge ook weerspieël moet word. *Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.* Die ouer vertaling stel dit: *23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed 24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God*

geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Hoe belangrik dat ons ook die nuwe mens in ons huwelike moet kan aantrek, elke dag opnuut aantrek. Elke dag moet ek die oue mens aflê, of soos dit letterlik in die Grieks hier staan ek moet my vuil klere kan uittrek, dit eenkant neersit en dit nie weer wil aantrek nie. Ek wil werklik die skoon kleed van Christus se geregtigheid aantrek, ook as dit gaan om ons huwelike vandag.

Daar is baie dinge waarmee God ons lewens nuut maak en steeds nog nuwer wil maak. Ons wat met hfst. 5 goed kon vorder, het die vrug van die Heilige Gees in drie dinge kon raaksien. Hfst. 5 vers 9 het gesê *dat die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid* (1933 '53 Vertl). Daarna kom daar in hfst. 5 nog drie dinge na vore. Ons kan in God se liefde lewe (begin hfst. 5), ons kan in God se lig lewe (middelste deel van hfst. 5), ons kan in God se lied lewe. Ja, in my hart (liefde), in my verstand (lig), staan God se lied in albei geskrywe, dat *psalms, lofsange en geestelike liedere*, deur my gesing sal word. Dit gaan beslis oor die 150 Psalms in God se Woord, m.a.w. die berymde psalms, dis altyd 'n gelowige se vertrekpunt, dat voor God pas Sy liedere om Hom te loof. Lofsange en geestelike liedere is net nog weer twee ander kategorieë van liedere, waar 'n lofsang direk tot God gerig moet wees en 'n geestelike lied dien om die christelike lewe by die Psalms en lofsange uit te bring. Die liedere moet my huwelik ook 'n lied wil maak ...

Nou besef ons die vervulling met die Heilige Gees bring in hfst. 5 se einde 'n verdere drie dinge na vore. Dit gaan om 3X3X3 as ons voor die Drie-Enige God met hierdie dinge kom staan. Wie vervul is met die Gees, sal wil sing, sal dankbaar wil wees, maar sal ook wil doen dit wat verlede Sondag ons laaste woorde was, dat ons aan mekaar onderdanig sal wees. Die ouer Vertaling stel dit- dat ons aan mekaar *onderdanig sal wees in die vrees van God.*

Dit dien as afsluiting vir die vorige deel (vv 18-20), maar dieselfde woorde is net so 'n treffende inleiding vir wat nou gaan volg, waar verhoudinge tussen mense ook gevul moet wees met die Heilige Gees. Nie alleen my binneste nie, maar my verhouding met die mens die naaste aan my, nl. my verhouding met my man, of my verhouding met my vrou moet in alles 'n Geesge vulde verhouding wees. Waar ek as 'n nuwe mens moet kan leef, moet die eerste een wat daarvan kan getuig tog my vrou of my man wees. Ons verhoudinge onderling is iets wat elke dag baie dele van ons lewens insluit en alles begin weereens waar een man en een vrou vir mekaar werklik voor God kon vind en hulle liefde staan op geen wyse los van God nie, maar hulle wil in hulle liefde vir mekaar werklik soos getroudes lewe.

Soos ons verlede week dit al begin aanraak het, in God se Woord gaan dit nêrens oor die afdwing en

forsering van gesag nie, maar in Christus gaan dit altyd oor die bediening van gesag. So 'n gesag word in liefde bedien, ja hoofskap, gesag en liefde is by God 'n heilige eenheid en so moet dit ook bedien word. Dis deel van die groot geheimenis of verborgenheid wat reg toegepas moet word, soos wat Christus dit in ons lewens toepas.

Daarom as vandag se gedeelte begin met wees *uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*, dan het die Heilige Gees 'n besondere bedoeling waarmee Hy ook ons huwelike mee vul, dat vir die vrou maar ook vir man bestaan daar 'n bepaalde rol en plek en funksie van onderdanigheid. Die woord in die Grieks vir *onderdanig* beteken nie ek het 'n baas oor my en ek moet my eenvoudig nou maar net aan daardie een onderwerp nie. Dit gaan nie oor een mens wat nou beheer oor 'n ander mag uitoefen nie. Wie so dink, is vêr verwyder van hoe God dink en hoe God die huwelik ingestel het. Onderdanig gaan hier in besonder vir die vrou dat sy haar vrywillig aan haar man se gesag onderwerp want sy sien in haar man, Christus se rol in haar lewe. Dit is waar haar eerbied aan haar man gesetel moet wees.

Christus is aan sy Vader onderdanig, nie omdat Christus minder God is as die Vader nie, maar Christus, die tweede Persoon in die goddelike Drie-eenheid, is net so God soos die Vader dit is, maar in die eenheid wat Hy met God het, staan sy Hoofskap en gesag in orde dit wat God aan Hom verleen het. So moet die man Christus se hoofskap en sy gesag aan sy vrou bedien, alleen in wat Christus aan Hom hierdie gesag en hoofskap verleen het. Dan gaan dit mos om eerbied vir Christus en ons onderdanigheid spruit voort uit ons onderdanigheid aan Christus.

Dan is ons by 'n baie aangrypende deel in Efesiërs waar daar spesifiek vir die vrou gesê word wat 'n getroude vrou vir haar man moet beteken en moet doen, direk hiermee saam kom net so duidelik na vore wat 'n getroude man vir sy vrou moet beteken en moet doen. En uit hierdie getroudes se lewens straal nog 'n diepere verhouding waar die huwelik Christus en sy kerk voorstel. Kom ons in besonder wil kyk wat word presies bedoel as daar gesê word:

Vrouens wees aan julle mans onderdanig:

Dadelik besef ons Paulus wil die huwelik nie op 'n outydse model, of uitgediende model of paternalisties model skoei soos baie mense, selfs teoloë, Paulus vandag beskuldig nie. Ons het hier te doen met hoe God die huwelik ingestel het, selfs nog voordat daar 'n sondeval in die wêreld was.

Aan die begin van Efesiërs was die groot geheimenis waarmee God in hierdie wêreld aan die werk is, Sy uitverkiesing. U onthou Efesiërs se begin - *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat*

daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Ook in ons huwelike moet ons voor God heilig en onberispelik wil wees, God het ons daartoe verkies. Die eerste geheimenis, nl. die uitverkiesing, het ons toe gelei na 'n tweede geheimenis – dat God uit alle volke, uit alle lande, uit alle tale, uit alle nasies vir Hom in Christus 'n eie volk berei het.

God het vir Homself geskep 'n nuwe mensheid wat as Sy Kerk gesien moet word. Die eenheid wat daar in die Kerk moet wees is vir God wesentlik. Hy skenk ons daardie eenheid daarom moet daardie eenheid daadwerklik uitgeleef kan word. Mense wat nie-Jode is, kan nou net soveel deel kry aan Christus as wat die Israeliet of dan nou die Jood in die Ou Testament 'n besondere volk vir God was.

God se besondere volk is nou sy Kerk. Dis die tweede geheim wat bekend gemaak is. As Paulus van 'n geheimenis praat dan bedoel hy dit is iets wat jy nooit jouself dit kon voorstel nie. Ek sou dit nie self kon uitdink of dit self kon laat uitwerk nie. En al verstaan ek nou 'n groter deel daarvan, beteken dit in alle geval dit is so 'n diep saak, die volle diepte sal ek nooit kan peil nie. Dis eenvoudig te diep vir ons verstand, ja te diep vir my verstand hoe God se uitverkiesing werk, in die tweede plek, hoe God uit alle volke, tale en nasies nou net een volk kon maak, een volk uit baie duisende volke wat tot eenheid moet kom in alles wat die Kerk insluit waar Christus die enigste Hoof van God se Kerk is. 'n Volk wat die eenheid moet vergestalt van die eenheid wat daar tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan. Dis 'n besondere geheimenis dit wat ons tweede geheimenis uit Efesiërs tot sovêr aan ons is.

En nou die verhouding tussen man en vrou moet van die begin af verklaar word as 'n besondere verborgenheid, m.a.w. ook 'n geheimenis wat in die Raad van God gesetel is, want staan in vers 32- *Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.* Efesiërs het in ons reeks tot hier nou al 'n derde verwysing na 'n geheimenis wat groot is, wat diep is, maar skroom Paulus nie vir 'n oomblik om dit op Christus en sy kerk van toepassing te maak nie.

As Paulus dan spesifiek by die vrou begin, dan begin dit vir hom waar dit vir man en vrou begin het. Die geheimenis begin vir Paulus waar God se Woord begin. Genesis 2 vers 24, toe het daar nog nie 'n sondeval plaasgevind nie, alles was nog heilig, volmaak en goed, presies soos God dit geskape het en God verhoudinge daargestel het. Verhouding tussen die mens en die diere, ja Adam moes vir die diere name gee, maar in alles wat baie goed geskape is, kom dit die eerste keer uit God se mond, hierdie heilige woorde van Genesis – *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie, Ek sal vir*

Hom 'n hulp maak wat by hom pas ...

Dan doen God iets baie uniek. Hy neem 'n stukkie been uit die man sê sy, of soos dit dikwels vertaal word, uit 'n stukkie rib van die man bou God die vrou en bring haar na die man toe. Martin Luther stel dit treffend, God het nie 'n stukkie voetbeen gebruik, bedoelende dat die man op die vrou mag trap nie. God het ook nie 'n stukkie kopbeen gebruik, bedoelende dat die vrou oor die man moet kan heers en sê ek is groter as wat jou kop en verstand kan wees, nee juis neem God 'n stukkie been uit die sy van die man wat daarop dui, sy is uit sy kant geneem, kant van sy kant, been van my gebeente sê Adam, sy is my gelyke. Hy wel die eerste onder die gelykes, maar hulle is gelyk. Hierdie uit die sy van die man geneem impliseer van die begin af dat in die huwelik moet daar wees gelykheid en wedersydse respek.

Genesis 2 raak dan ook onmiddellik besig met wat Paulus in Efesiërs ook nooit oor uitgepraat kan raak nie. Hoe daar nie net gelykheid en wedersydse respek in die lewe moet bestaan nie, maar ook eenheid. Die *een-vlees wees* in Genesis 2 dui beslis op 'n seksuele liggaamlike verbintenis wat daar binne die huwelik tussen een man en een vrou kan kom, maar dit gaan om baie meer as net die heilige seksuele verbintenis. Hierdie eenheid gaan om 'n lewenslange verhouding, al is man en vrou afsonderlike mense in hulle geslagte, in hoe God hulle geskape het, maar saam word hulle soos één. Daardie eenheid wat Paulus 'n groot saak in die vroeëre dele van Efesiërs rondom Christus en sy liggaam as één Kerk daarstel. Christus die Hoof waarvan sy liggaam die Kerk is, kom nou by 'n dimensie van eenheid waar die vrou nooit wil praat van ek het dit, of jy het dat gedoen nie, maar dit gaan om 'n heilige ONS ... Hierdie ONS vorm 'n nuwe eenheid apart van hulle onderskeie familie-eenhede. Die man wat *sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees ...*

Nou het ons oor gelykheid en eenheid en wedersydse respek in die huwelik alreeds baie kon sê maar dit is iets wat moet grondvat. Dit moet uitgeleef word. Die verstaan van Christus se hoofskap en Christus se gesag bepaal nie alleen kerklike verhoudinge nie, maar moet ook ons huweliksverhouding in alle opsigte bepaal. Ek kan die hoofskap van Christus oor Sy kerk en die gesag van Christus in Sy kerk nie vanmekaar skei nie. Christus se hoofskap en gesag moet bymekaar uitkom, daar waar ons kerk is, maar ook daar waar man en vrou hulle huwelik in Christus gesluit het en in Christus wil laat werk.

'n Vrou se verhouding aan haar man moet 'n skaduwee vorm van Christus se hoofskap oor haar en die gesag wat Christus oor haar lewe en haar huwelik mag hê. Wanneer 'n vrou wil hê haar

huwelik moet in onderworpenheid aan Christus haar Hoof staan en dat haar huwelik ook met die Heilige Gees gevul moet wees. Dan wil sy in God se liefde en in God se lig haar huwelik laat werk.

Dit gaan vir haar om Christus en waar Christus die man se hoof is, dan sal die vrou die hoofskap oor haar nie soseer in haar man sien nie, maar in Christus. Sy sal wil hê dat haar man Christus se hoofskap ook in dit wat hulle huwelik is, sal bedien, sal toepas en uitleef. Hy moet vir haar die eerste wees wat haar laat besef Christus se hoofskap oor my het nou in my huwelik in my man se hoofskap hande en voete gekry. My man beoefen sy hoofskap uit soos Christus sy Hoofskap oor sy kerk uitoefen. Waar 'n man nie in Christus die hoof vir sy vrou is nie, kan hy op geen ander manier as haar hoof dien nie. Want hoofskap en gesag kan nooit vanmekaar geskei word nie, soos God se liefde en God se lig nooit los vanmekaar staan nie.

Heeltyd gaan dit om onderdanigheid soos die kerk aan Christus onderdanig is, *moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees*. Die kerk, God se bruid, sien haar onderdanigheid aan God as 'n vreugde en voorreg wat nie uit dwang nie, maar met vreugde en gewilligheid uitgeleef word. So moet die vrou haar man as haar hoof wil erken en as ons in Efesiërs 5 se einde lees - *'n vrou moet aan haar man eerbied betoon*, dan beteken dit sy wil graag haar man as haar hoof erken, sy wil vir hom 'n hulp wees wat by hom pas, sy wil hom met vreugde en gewillig dien want sy glo werklik dit is hoe die Here wil hê dit moet wees. Sy eerbiedig hierdie orde van God, alles deel van die skeppingsorde, wat nie gewoon 'n menseorde is nie.

So is dit ook vir 'n man belangrik dat hy weet sy vrou hom ondersteun en in Christus vir hom respek betoon. Die vrou het dan waardering wat jou man vir jou doen. Ja, jou man het jou werklik nodig, want mag hy weet dat al is hy op 'n punt in sy lewe waar dit voel asof niks reg loop nie – dat sy vrou wel by hom staan. Dan as Paulus in besonder by die mans kom, kan ons dit nie anders verwoord as hoe Paulus dit reeds verwoord het nie-

Man, jy moet waarlik vir jou vrou lief wees:

As Paulus met die man handel dan word daar nie op sy hoofskap en gesag die klem gelê nie, maar waar die Heilige Gees 'n man se verhouding aan sy vrou volmaak, dan lê die klem op wat sy liefde vir sy vrou moet wees, ja dit word 'n liefde wat woorde die liefde eintlik nie kan saamvat nie. Die liefde wat 'n man vir sy vrou moet hê, moet word die liefde wat Christus daar aan die kruis op Golgota vir God se kinders gegee het. Christus het Hom laat kruisig, Hy het sy lewe gegee omdat Hy vir God se uitverkore kinders lief is. As ons vers 25-27 mooi lees, besef u werklik die impak daarvan - Vv. 25 – 27 bring die man in die huwelik wat elke man sal laat besef ek is uit myself nie daartoe in staat nie: Luister maar weer goed wat hier staan- *Mans, julle moet julle vrouens liefhê*

soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

Die wyse waarop 'n man hom aan sy vrou moet kan onderwerp, is waar 'n man bereid sal wees om sy lewe vir sy vrou af te lê. Dit is 'n selfopofferende liefde, ja die man wat moet kan sê ek offer my vir my vrou. Ek sal bereid moet wees om my lewe vir my vrou as prys te gee. Christus het sy lewe gegee om ons as sy kerk skoon te was. Hy het ons met water en sy woord gereinig. Die ouer vertaling sê Hy het ons *gereinig met die waterbad deur die woord*.

Die man wat homself vir sy vrou offer bring na vore die woord waarmee Christus sy kerk reinig. Daarvan is die doop 'n teken. Die water en die woord pas bymekaar, dit vorm 'n eenheid, en daarom moet die man in die eenheid met sy vrou haar ook altyd herinner aan wat Christus vir ons kom doen het. Ook in ons huweliksverhouding is hierdie reiniging ons oproep dat ons verhouding heilig is en dat die man sy verhouding met sy vrou al meer sal heilig sodat hulle albei eendag volkome verheerlik voor Hom kan staan. Dan is ons wat ons nou uit onself nie kan wees nie, sonder vlek of rimpel, heilig onberispelik. Die was met water dui ook op 'n ander aspek waar die vroue vroeër 'n reiningsrite met water deurloop het voor sy gekom het by die man aan wie sy wil behoort.

Kom u agter dis alles behalwe iets van 'n man is nou maar die baas en sy vrou moet eenvoudig na hom luister. Nee heelyd gaan dit om waarby ons Skriflesing vandag begin het - *wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig*. As 'n man nie kom in die rol wat Christus van hom vereis nie, dan sal die rol wat hy in sy huwelik moet vervul geen behoorlike vervulling vind nie. Dit is iets onmenslik groot, as dit van ons as mans sou afhang, maar waar die Gees die man se lewe volmaak word die man vir sy vrou die menslike grootheid wat sy haar respek en liefde vir haar man laat oorloop. Sy deurloop 'n volkome reiniging, omdat sy werklik Christus in die lewe van haar man wil erken en wil respekteer. Dan is haar man se hoofskap oor haar geen geringe erkenning van haar kant nie, maar dit is die wyse waarop sy Christus se Hoofskap en gesag in hulle huwelik wil erken en respekteer.

En die man wat sy lewe vir sy vrou sal gee is vir sy vrou net so lief soos vir sy eie liggaam. 'n Gerespekteerde man is nie een wat sy eie liggaam haat nie, maar hy voed sy liggaam en Hy versorg sy liggaam soos Christus dit met sy kerk doen. Daarom moet die man vir sy vrou en sy huishouding ook kan voed en versorg. Dit begin natuurlik eerste by haar wie sy vrou is. Hy moet

vir haar kan sorg, sy liefde bestaan daarin dat hy weet om ook aan haar nie net materiële middele te voorsien nie, maar daar moet ook geestelike voeding van sy kant kan wees. Jou verhouding met jou vrou moet jou belangrikste verhouding wees wat jy in Christus op aarde kan hê. Jou liefde vir haar moet toonbeeld wees van Christus se liefde vir jou. Daarom dat liefde beslis nie net as 'n gevoel en emosie kan voortbestaan nie, maar veel eerder word liefde 'n werkwoord. Die vrou besef en die man besef dit gaan nie oor jou of oor my nie, maar dit gaan oor die Here.

Hier staan ons waar ons as man en vrou ons tot hierdie heilige huwelik verbind het en voor God een kon word. Dit gaan in wese nie oor jou of oor wat jou huweliksmaat se rol teenoor mekaar is nie, maar in wat julle rolle in hierdie huwelik vóór die Here moet wees, hier waar julle voor Hom nou één is. Dan beteken die woorde *onderdanigheid* en *eerbied* wat die laaste deel van hoofstuk 5 die man en die vrou voor God stel om 'n onderdanigheid en eerbied vir Wie die Here is en ek vind my doel en vreugde ook in Christus se Hoofskap en gesag wanneer dit gaan om hierdie heilige verhouding tussen ek en my vrou, tussen ek en my man. Daarom is ons laaste gedagte baie kort maar dit vorm werklik die hoogtepunt.

Die huwelik moet Christus en sy Kerk voorstel:

As 'n vrou haar man eer en 'n man is waarlik lief vir sy vrou, dan is dit twee dinge wat die Kerk, kerk maak. Ons moet God in alles wil eer, ons moet waarlik aan God onderdanig wil wees, ja ons moet God bó alles liefhet. Liefde, eer, respek, onderdanigheid is sake moeilik om sommer maar net oor te praat, oor elk sou daar baie dik boeke geskryf kon word, maar waar God dit vandag vir ons voorskryf, besef ons dis wat Christus se bedoeling met ons is. Hy wil gelukkige huwelike laat werk dat die kerk ook daarop kan voortbou.

Vers 27 stel dit baie mooi. Deur die huwelik gee God nie net 'n toonbeeld van sy Kerk nie, maar in 'n sekere sin word dit die verwesenliking van sy kerk. Man, vrou, kinders, ja huisgesinne word die Godsgesin. Dit is wat die Kerk moet wees, gesin van God. Die Bybel Direkte Vertaling stel dit mooi- dit wat God in die verhouding tussen man en vrou doen, is dat God *vir Homself die kerk in heerlijkheid daar kan stel ...* Dit wat so klomp dinge insluit. Christus wat Homself oorgegee het, Hy wat Christus is heilig ons, die waterbad deur die oop reinig ons dat daar vandag nie alleen 'n Kerk kan wees nie. Maar mag ons elke een, al is u dalk nog ongetroud, die huwelik eer as instelling van God, gesetel in die Raad van God, daar waar die geheimenisse van die lewe groot is en niks maar sommer ligtelik opgeneem en mee omgegaan kan word nie. Die laaste woord oor die huwelik is nog lank nie uitgespreek nie, maar dit wat ons moet hoor is waar dit vir man en vrou moet begin- *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.*

AMEN